NUUSVRYSTELLING

DATUM: 2 Februarie 2012.

PLEK: Pretoria

ONDERWERP: Majubafees 24 – 26 Februarie 2012

ORGANISASIE: Die Genootskap vir die Handhawing van Afrikaans: www.afrikaans.org.za

PERSOON: André Alkema, Voorsitter

Die Potchefstroomse studente bied vanjaar die Cantus by Majuba aan. Dit vind plaas om 19h30 op Saterdag 25 Februarie in die HS van Blerksaal, Majubafeesterrein net buite Volksrust.

Mnr Kobus Kruger is die Praeses (voorsitter) en nooi alle belangstellendes (studente, oudstudente en nie-studente ouer as 18 jaar) om te kom deelneem aan hierdie jolige geleentheid wat jaarliks by Majuba plaasvind.

'n Cantus (die latynse woord vir sang – afgelei van die woord cantare) is tradisioneel 'n gewilde kultuur bedrywigheid van Afrikanerstudente asook studente uit ons stamlande soos België, Nederland en Frankryk.

Oorspronklik is die Cantus afkomstig van Duitse-studente en bestaan hoofsaaklik uit die sing van liedjies en die drink van bier en word beheer deur streng tradisionele reëls.

Die Praeses is verantwoordelik vir die orde en sal oortreders dissiplineer.

Die Codex (of sangbundel) bestaan hoofsaaklik uit tradisionele liedjies asook nuwe moderne Afrikaanse liedjies.

Die koste aan die Cantus is R20 per persoon en 'n Codex is beskikbaar teen 'n terugbetaalbare deposito van R15. (LW Die hekgelde vir die feesterrein is R25 per persoon. Groepe van 25 (of meer) kry 'n afslag van 20% op die hekgelde.)

Streng kleredrag: das, hoed, en baadjie met 'n langbroek vir mans, en dames diensooreenkomstig. 'n Beker om die kele nat te hou is belangrik!

Persone of groepe wat die Cantus wil bywoon moet asseblief bespreek deur 'n vonk te stuur aan kooskruger91@gmail.com of 079 024 3188.